Ons Plek in die Program van God Eng/Afr.

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B162

Skriflesing uit: Luk.24: 36- 53

Kernvers: 44 – 'En hy sê vir hulle, dit is die woord wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van die profete en die psalms vervul moet word.'

U kan sien geliefdes, daar is 'n bepaalde program, en as ons die Woord van God lees soos ons dit behoort te doen en ons lees die wet van Moses, en die profete en die psalms; en nou dat Jesus gekom het ook die Nuwe Testament, is daar magtige dinge wat vervul moet word.

Soos ons op hierdie stadium van die geskiedenis staan en ons kyk terug dan sien ons dat daar het nog geen jota of tittel op die grond geval van dit wat gesê is tot hiertoe nie. Daarom het ons die versekering dat dit wat nog moet gebeur, gaan gebeur! Daar wag 'n magtige program en magtige dinge wat nog vervul moet word.

Wat van my en wat van u? Jesus het vir Sy dissipels gesê: en julle sal krag ontvang en My getuies wees. Maar nou hang dit van u en van my af – gaan ons God op Sy Woord neem? Want dan sal ons die krag van die Heilige Gees ontvang. Dit is waar ons as individu inpas in hierdie groot program van God.

Maar as ons so rondom ons kyk, dan sien ons 'n groot onverskilligheid wat dit betref, 'n traak my nie-agtigheid en dit kan grootliks toegeskryf word aan 'n groot mate van ongeloof.

Kom laat ons die Here werklik vertrou dat dit wat Hy gesê het, Hy vir ons sal doen.